U3A Stilbaai Nuusbrief: nr 5, Oktober 2015

Algemene Vergaderings (AG)

Ons volgende AG sal dan plaasvind op **Maandag, 26 Oktober 2015 om 09h30.**

Ons spreker vir Oktober:

Volgende Maandag se U3A Stilbaai praatjie is getiteld "Bring jou sake in orde" deur Arthur Clarke. Arthur is van Kaapstad en hy ry spesiaal op om hierdie aanbieding te maak. (Arthur is in Engeland gebore en was daarna in Rhodesië op skool en hy sal net Engels praat maar Stefan sal vertaal waar verlang.)

Navorsing in die VSA toon dat 55% van Amerikaners sterf sonder 'n testament. Daar word vermoed dat hierdie syfer baie groter is in SA. Maar of jy een het of nie, daar is baie ander finansiële, regs- en ander sake, wat, indien dit nie nou uitgesorteer word nie, jou gevorderde jare 'n ellende kan maak asook werklike probleme en hartseer kan skep nadoods.

Gemik veral op afgetrede mense, sy fassinerende “maklik om te verstaan” Power Point aanbieding sal ware insig verskaf vir baie - selfs diegene wat glo dat hulle reeds goed voorberei is - en reeds 'n finansiële adviseur, prokureur, en eksekuteur het. Baie van wat ons sal leer sal tot groot voordeel van ons kinders en familie wees!

Kom ons gee Arthur 'n ware warm 'Stilbaai welkom. Nooi asb jou vriende.

Ons gaan weer U3A Stilbaai lidmaatskapsfooie (van R 30 pp lid per jaar) insamel vanaf 9h00 voor die AG om 9h30 begin. Nuwe lede sal ook 2016 lidmaatskap ontvang.

Ander sprekers en onderwerpe vir AGs later hierdie en volgende jaar is:·

- November: Die wetenskap onderliggend aan die "hoë vet en lae koolhidraat" dieet teenoor die "eet alles in matigheid" een deur Stefan Pretorius.
- Januarie 2016: “Latest info on Climate Change”: Prof Mike Lucas van UK
- “A Sub Antartic trip to Bouvier Island”: Wendy Wilson

(Die meerderheid van praatjies sal in beide Afrikaans en Engels wees.)